SAKV Nuusbrokkies

Week 49/2009

Hartlike Welkom:

Ons verwelkom die volgende maatskappye as nuwe SAKV lede:

Kwekersvereniging:
Skukuza Indigenous Nursery
Plantwise

Tuinsentrum Vereniging:
Mercury Mega Mica Hardware
Garden Boyz Pomona

Sluit van SAKV Kantoor:

Neem asseblief kennis dat die SAKV kantoor op Donderdag, 24 Desember sal sluit vir die Kersseisoen en weer sal heropen op Maandag, 4 Januarie 2010.

Terugvoer: SAKV Uitvoerende Raadsvergadering: 19 November 2009

Verkiesing van Verkose President:

Nick Stodel van Stodels Nurseries is verkies tot verkose President en sy ampstermyn sal begin by die Algemene Jaarvergadering op 19 Mei 2010.

Alternatiewe bronne van inkomste:

Die Dagbestuur is besig om ondersoek in te stel na alternatiewe bronne van inkomste om fondse op te bou wat vir bemarkingsnavorsing in die industrie aangewend sal word.

Streekslidmaatskap:

Daar is besef dat daar 'n behoefte na meer administratiewe ondersteuning in streke en takke van verenigings is. Die SAKV kantoor is tans besig om 'n prosedure dokument op te stel as riglyn vir voorsitters en sal ook 'n koördineringsrol speel in die beplanning en uitvoering van vergaderings en streeksgeleenthede.

SAKV Handelsdae 2010:

Die datums vir SAKV Handelsdae is:

- 10 Maart 2010
- 18 Augustus 2010

Daar is besluit om die formaat van die SAKV Handelsdag in Bloemfontein te verander na 'n SAKV Inligtingsvergadering en netwerk funksie vir verskaffers en kleinhandelaars in die area. Die funksie sal in September 2010 gehou word.

Life is a Garden:

Die huidige 'Life is a Garden' kontrak kom binnekort tot 'n einde en daar sal 'n tender uitgestuur word vir terugvoer vanaf enige belangstellende party. Meer inligting sal binnekort uitgestuur word.

Verskaffer van die Jaar Kompetitie :

Die 2009 Verskaffer van die Jaar kompetisie was 'n groot sukses en die 2010 kompetisie sal in die nuwe jaar geloods word.

Biodiversiteit:

Jacques Malan, SAKV Biodiversiteits verteenwoordiger het belangrike inligting omtrent IAP spesies en die NEMBA lys deurgegee aan SANBI. 'n Afskrif van die brief is beskikbaar by die SAKV kantoor.

'Green Business' Tydskrif:

Die samestelling van die SAKV 'Green Business' Tydskrif Uitgawe 4 is tans in proses en sal in Maart 2010 vrygestel word.

Veranderinge aan die SAKV Konstitusie:

Die SAKV het prokureurs genader om aandag te skenk aan die wetlike aspekte van veranderinge tot die SAKV Kontitusie. Meer inligting sal op 'n later stadium volg.

SAKV 5 Ster Borge

Bayer Environmental Science
COPROSMA NURSERY cc
EFEKTO
Erlima Wholesale Nursery
Magenta Plant Distributors
Malanseuns Plesierplante • Pleasure Plants
Quality grows Rosendal Farms
MayFord
Starke Ayres

SAKV Gholfdag – 18 Maart 2010:

Die SAKV Gholfdag sal op 18 Maart 2010 gehou word by Roodepoort Buiteklub, Ruimsig. Verdere besonderhede sal in die nuwe jaar uitgestuur word.

Herwinning:

'n Herwinningskomittee, onder voorsitterskap van Marié Cloete (Starke Ayres), is gevorm om 'n herwinningsprojek vir SAKV lede te ondersoek.

'Emerging' Lede:

Die SAKV is besig om aandag te skenk aan 'n projek om ontwikkelende kwekerye te betrek as SAKV lede.

Kalenderdatums: Januarie - Maart 2010

20 Januarie	Skeerpoort Markdag
21 Januarie	SAKV Dagbestuur vergadering
26 Januarie	BPGA vergadering
27 Januarie	Exotica Highveld Bronkhorstspruit – Eastern Plant Mart
3 Februarie	Malanseuns Handelsdag
17 Februarie	GCA Pretoria vergadering
	Cape Green Forum Opedag
18 Februarie	SAKV Uitvoerende Raadsvergadering
24 Februarie	ABSTA vergadering
2 Maart	BPGA vergadering
	Elands Nursery Opedag
3 Maart	GCA Gauteng vergadering
10 Maart	SAKV Handelsdag
18 Maart	SAKV Gholfdag
25 Maart	SAKV Dagbestuur vergadering

SAKV Handelsdag: 10 Maart 2010

Stel u belang om by die SAKV Handelsdag uit te stal? Daar is beperkte uitstalruimte beskikbaar, so kontak vandag vir Gerdie vir meer inligting of besprekingsvorms.

SAVK Konvensie 2010:

Moenie die SAKV Konvensie 2010 te Champagne Sports Resort & Hotel, Drakensberg vanaf 19 – 21 Mei 2010 misloop nie!

Persoonlik…

Baie geluk aan Nicholas & Ilse Heijman (Plantland) met die geboorte van Matthew Logan op 19 November 2009.

Flowering Favourite – Desember: Hypoestes

November se Flowering Favourite is Hypoestes. Dit sal bemark word in 'n wye verskeidenheid publikasies, koerante, webtuistes en radiostasies wat onder andere Garden & Home, The Citizen, Gardening Eden en Radio 702 insluit.

Top Wenke:

- Well known as a novelty indoor plant, the Polka Dot Plant has emerged as a striking outdoor bedding plant that can be used to brighten borders or containers in those difficult shaded areas.
- They look good following the contour of a path and combine nicely with New Guinea impatiens.
- *H. phyllostachya* grow best in filtered sunshine and the plants will exhibit more pronounced colour in partial shade than full sun. Fortunately, this vivid beauty has few pest problems.

SNUFFELBROKKIES

Vakante poste:

Malanseuns benodig die dienste van 'n onafhanklike Agent vir die Johannesburg - Noord area. Selfgemotiveerde persoon kan Henk Meyer kontak vir verdere inligting. Kontakbesonderhede: (012) 549-2128 of 082 446 6702

Opsoek na Werk:

Christopher Mashaphu is opsoek na 'n posisie in die groen industrie. Beskik oor ND: Landskaptegnologie. Kontakbesonderhede: 076 729 7434 of cmashaphu@yahoo.com

Madumetja Pitlo is opsoek na 'n posisie in die groen industrie. Tans besig met sy derde jaar van studies in ND: Tuinbou. Praktiese ondervinding verkry te Booysens Nursery. Kontakbesonderhede: 073 023 7664 pitlomcm@yahoo.com

Groete, Gerdie

SANA / SAKV | Tel: 072 994 5368/71 | Fax: 0866182344 | E-mail: gerdie@sana.co.za